



NGUNI Beestelersgenootskap Cattle Breeder's Society

Tel: 051 448 7302/3 • Fax: 051 448 7304

Posbus/P.O. Box 506 Bloemfontein 9300

Email: info@ngunicattle.info • Web: www.ngunicattle.info

7 Februarie 2014

Beste Nguni Teler

Die jaar is al goed opdreef en met die eerste raadsvergadering agter die rug wil die genootskap lede op hoogte bring met die besluite en beplanning wat op die agenda bespreek is. Die droogte en swak ekonomiese klimaat is besig om baie lede mismoedig en bekommerd te maak oor die toekoms en waarheen die ras oppad is. Met hierdie skrywe wil ons elke teler verseker dat die raad ernstig aandag gee aan die bemerking van die ras met die fokus op veral kruisteling met die Nguni as moederlyn vir vleisproduksie. Die motivering agter die idêe is om sodoende die stoetbedryf te ondersteun d.m.v. die verskaffing van rasegte vroulike diere aan kommersiële telers en nie net te fokus om genetika onder mekaar te verkoop nie.

Tweedens ondersoek die raad verskeie modelle om speenkalwers te bemark in projekte wat gerig is op die Nguni ras se behoeftes. Dit is 'n feit dat die Nguni direk vanaf die veld bemark kan word, maar dat die weidingspasië die uitdaging is. Die Nguni kan ook vanuit 'n voerkraal bemark word, mits hy reg hanteer en gevoer word. Die Douglas voerkraalprojek is die bewys van 'n model wat werk en soortgelyke geleenthede moet geskep word vir lede.

Die vergadering is toegesprek deur Prof. Frikkie Nesor van die Universiteit van die Vrystaat wat 'n voorlegging aangebied het oor 'n genomika projek waarby al die rasse betrokke kan wees. Vir die Nguni om genoegsame data beskikbaar te hê, is dit belangrik vir telers om prestasie-metings te doen. 'n Tegniese kommittee is saamgestel om riglyne te bepaal vir sinvolle prestasie-meting wat van toepassing is en tot voordeel is vir die Nguni ras se spesifieke behoeftes. Die klem moet wees om eienskappe soos koei-doeltreffendheid, vrugbaarheid en gehardheid te bevorder in die ras. Die raad ondersoek ook tans die moontlikheid daarvan om vir lede d.m.v. subsidie aan te spoor om prestasie-meting te doen. Die eerste stap sal wees om ten minste koei en kalf gewigte by speen te bekom.

Soos baie van u bewus is, het Elmarie du Preez bedank en is die kantoor tydelik onder druk om die bykomende take te hanteer. Gee asseblief u samewerking en geduld aan Yolanda, Louise en Maki. Die raad het reeds 'n nuwe dame, Sarah Crause, aangestel wat Maandag, 3 Maart 2014, sal begin.

Baie dankie aan elke teler wat 'n positiewe bydrae lewer om die ras te bevorder deur die basiese samewerking te gee soos, administrasie op datum te hou, saam te werk met die kantoorpersoneel en betrokke te raak by klubs.

Wees verseker dat die raad bewus is van al die uitdagings wat die ras en sy lede tans moet trotseer en voortdurend aan kreatiewe oplossings werk.

Voorspoed vir 2014.

Nguni Raad

